# Rykie Pienaar se passievolle bydrae tot musiekopvoeding in Suid-Afrika



Elsbeth Hugo

*Elsbeth Hugo was verbonde aan die Goudstadse Onderwyskollege en die Universiteite van Port Elizabeth en Pretoria*



Rykie Pienaar

Rykie Pienaar het geglo en haar beywer daarvoor dat Klasmusiek op dieselfde vlak as ander skoolvakke, en met dieselfde toewyding effektief onderrig moet word. Omdat Klasmusiek dikwels nie so doeltreffend as ander vakke onderrig was nie, en nie dieselfde aansien as ander skoolvakke geniet het nie, is die potensiaal daarvan om kinders se selfbeeld, selfdissipline en samehorigheid te ontwikkel, nie ten volle ontgin nie. Deur saam te sing leer kinders om aktief te luister en om beter te konsentreer.

Nadat sy vir ‘n paar jaar na haar opleiding as onderwyseres aan primêre skole in Johannesburg onderrig gegee het, was Rykie vanaf 1955 aan die Pretoriase Onderwyskollege se Musiekdepartement verbonde, en vanaf 1961 in dieselfde hoedanigheid aan die Onderwyskollege Goudstad.

Rykie Pienaar (gedoop Rachel EIizabeth) is gebore op 13 Februarie 1929 in Johannesburg. Sy is die oudste van drie kinders en het nog ‘n suster en ‘n broer. Musiek het ‘n belangrike rol in hulle gesinslewe gespeel en hulle was almal musiekgeletterd. Haar moeder, sy en haar suster het klavier gespeel en haar vader en haar broer mandolien. Almal was lief om te sing, en een van haar aangenaamste herinneringe bly die familie om die klavier op Sondae middae.

Rykie se primêre skoolopleiding vind plaas by die destydse Afrikaans Medium Skool Aucklandpark in Johannesburg. In 1942 begin sy haar hoërskoolloopbaan aan die Hoërskool Helpmekaar vir Meisies, waar sy matrikuleer. By albei hierdie skole was daar destyds personeel wat die waarde van sang (individueel en koor), toneelspel en volkspele verstaan het, en uitstekende onderrig en afrigtingswerk in dié verband gedoen het. Deur die jare het daar by Rykie ‘n besondere voorliefde gegroei vir verhoogkuns, en kon sy haar uitleef deur deelname aan kunswedstryde, operettes en konsertwerk. Wat sy sodoende by betrokke onderwysers geleer het, het ‘n blywende invloed op haar gehad.

Toonaangewende leermeesters soos Aimeé Parkerson, Albrecht Lewald en Betsy de la Porte was haar sangonderwysers. Sy het by Mabel Duggan klavieronderrig ontvang. In 1959 behaal sy die Unisa Voordraerslisensiaat in Sang. In 1963 verwerf sy twee verdere lisensiate vir sang, nl van die Royal Schools of Londen vir Sangonderwys en die Trinity College of Music se Voordraerslisensiaat. Sy slaag ook die B. Mus-graad by Unisa in 1966.

‘n Indringende studie van die Amerikaanse musiekonderrigmetodes het die basis gevorm van haar MMus-verhandeling wat sy in 1968 met lof slaag (Unisa). Die titel was ‘‘n Kritiese evaluering van geselekteerde Amerikaanse metodes van musiekonderrig in die laerskool gepubliseer sedert 1955’. Dit was die eerste Suid-Afrikaanse studie wat westerse opvoedkundige metodes geëvalueer het. Hierdie verhandeling het ook ‘n belangrike rol gespeel by die gereelde byeenkomste van musiekdosente van die Transvaalse Onderwyskolleges of wanneer nuwe sillabusse ter sprake was. So is daar deurentyd kennis geneem van nuwe metodes en hoe dit in die bestaande onderrig in die praktyk implementeer kon word. Sy was ook konstant betrokke by die aanbieding van indiensopleidings-kursusse en opstel van studiegidse wat ‘n groot bydrae gelewer het om die vakgebied op ’n deurlopende wyse te vernuwe. Junior

dosente het op dié wyse beter insig in die vak verkry en ook ‘n passie daarvoor ontwikkel. Sy het musiekdosente inspireer om hulle kwalifikasies te verbeter terwyl hulle voltyds gewerk het. Onder dié wat nagraadse kwalifikasies in Musiekopvoeding verwerf het is Elsbeth van der Merwe, Loftus Heunis, Tertia Jacobs, Suzette van Eeden, Ellen van Eyck, Rochelle Marais, Marianne le Roux en Corrie Kok. Rykie bied byvoorbeeld vanaf 1978 tot 1980 lesings en oriënteringskursusse vir junior primêre onderwysers van Soweto by RAU aan. Dit demonstreer haar betrokkenheid by agtergeblewe gemeenskappe in Suid-Afrika. Pienaar se betrokkenheid by die Universiteit van Suid-Afrika behels die aanbieding van HOD musiekkursusse en vakdidaktiek in die tagtigerjare asook haar rol as eksaminator vir die Lisensiaat in Klasmusiek.

Sy behaal in 1973 ‘n D. Mus-graad by Unisa met ‘n verhandeling getiteld ‘Die toonsimboliek in Hugo Wolf se *Italienisches Liederbuch*’. Navorsing hiervoor is gedoen olv prof Erich Schenk (Universiteit van Wene), ‘n kenner op die gebied van toonsimboliek, asook prof Bernard vd Linde van Unisa. Met die honderdste herdenking van die sterfjaar van Hugo Wolf in Februarie 2003 word sy deur die Departement Musiek van Unisa genooi om ‘n artikel oor Wolf te skryf vir die tydskrif *Musicus*. Die artikel het onder andere ontledings van liedere bevat om van die toonsimboliek in die *Italienisches Liederbuch* te illustreer.

In die tagtigerjare word sy deur die Universiteit van Port Elizabeth as buitengewone lektor aangestel om behulpsaam te wees met die opleiding van nagraadse studente in Musiekopvoeding. Hierdeur het nagraadse studie in Musiekopvoeding landswyd ‘n bloeitydperk beleef omdat studente haar werk elders voortgesit het. Sedertdien was sy gereeld betrokke by eksterne eksaminering en tree ook op as mede-studieleier vir M-studente by ander universiteite.

Benewens haar akademiese verpligtinge, het haar kreatiewe ingesteldheid neerslag gevind in die skryf van programme vir radio en televisie. Sy het as lid van die FAK Musiekkomitee waardevolle insette ter bevordering van musiek gelewer. In 1963 bied die SAUK haar ‘n kontrak aan waarin sy gevra word om behulpsaam te wees met aanbiedings vir ‘Vrouerubriek’ en ‘Jongspanateljee’. Twee van haar radioprogramme word vir Artes-toekennings benoem, nl ‘Die komponis se skilderkwas’ (1980) en ‘Met ‘n liedjie kan jy vriende maak’ (1982). Met laasgenoemde was sy reeds besig om kulturele brûe te bou. Kinders uit die wye verskeidenheid van Suid-Afrika se gemeenskap, Afrikaanse, Engelse, Duitse, Joodse, Indiër, Bruin en Swart kinders het aan dié programme deelgeneem.

Gedurende haar diensjare by die Onderwyskollege Goudstad het sy meeste van die musikale en kulturele aktiwiteite waaronder konserte, opvoerings en nasionale feeste, georganiseer. Die kollegekoor het onder haar leiding na etlike plekke in Suid-Afrika, Zimbabwe en ook in die buiteland getoer. Sy het heelwat verwerkings asook oorspronklike komposisies vir die koor geskryf. Lirieke vir die Onderwyskollege Goudstad se amptelike lied is geskryf deur die digter G.A. Watermeyer, en Rykie het dit getoonset. Daarbenewens het sy ook vir sestien verskillende skole in Suid-Afrika hul skoolliedere gekomponeer.

In ‘n tyd toe daar redelik min geskikte Afrikaanse musiekpublikasies vir kindersang uit eie bodem was, het Rykie Pienaar belangrike bydraes gelewer. In 1975 verskyn ‘n sangbundel, ‘Ons kleinste maatjies sing’ waarvan sy die lirieke en musiek geskryf het. Dit is destyds deur McGraw Hill uitgegee. ‘n Hersiene uitgawe hiervan het in 2005 verskyn, uitgegee deur Edumusic. In 1975 het sy in samewerking met Pierre Malan begin om ‘n reeks boeke met lesvoorbeelde en liedere vir vyf klasse in die destydse primêre skool (hedendaags Gr 3-7) saam te stel. Alle liedere in die handleidings was die oorspronklike werk van die samestellers. Die reeks is in 1987 voltooi, en die uitgewer was Juta. In 2007 is ‘n uittreksel van die liedjies uit die reeks hersien en deur Edumusic uitgegee onder die titel ‘Liedjies wat stories vertel’.

Tussen 1963 en 1984 was daar etlike geleenthede waar Rykie en haar kollegas by indiensopleidingskursusse onderwysers op die hoogte gebring het met van die nuutste tendense in Klasmusiekmetodiek. Daar is verder referate en kursusse gelewer by plekke soos die destydse Pietersburg (Polokwane), Durban, Port Elizabeth, Bloemfontein en Pretoria (1980-1988). Sy lewer in 2004 ‘n referaat by die gereelde McLachlan koorweek wat aangebied is deur die Suid-Afrikaanse Koorvereniging op Stellenbosch. Haar onderwerp was: ‘Die invloed, organisasie en toepassing van koorsang met senior burgers; die betekenis van koorwerk met inwoners van plakkerskampe.’ In hierdie tyd het sy in Greymont, Johannesburg, ‘n seniorburger-koor, waaronder inwoners van ‘n plakkerskamp, opgelei. Hulle het in verskeie kerke opgetree.

Na haar aftrede in 1989 het sy as voorsitter van die Komitee vir Senior Bediening van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Hoëveldstreek gedien. As deel van die kerk se viering van die ‘Jaar van Hoop’ (2001) is haar verhoogstuk, ‘Simfonie van Hoop’ in die Staatsteater in Pretoria opgevoer. Rykie het die teks saamgestel en die musiek gekies. Die sanger Manuel Escorcio was ‘n gaskunstenaar, terwyl Carel Trichardt en Petru Wessels die teks voorgedra het. Verder het ‘n koor van 180 senior burgers, asook groepe van jongmense, skoliere, kleuters en hul moeders die boodskap van hoop oorgedra deur oa koorsang, spreekkore, koordans en gebarespel.

Die bydrae van onderwyskolleges om bekwame onderwysers en kultuurleiers op te lei, sal nooit oorbeklemtoon kan word nie. Die kultuur-milieu in Afrikaanse skole is wesenlik beïnvloed deurdat etlike knap, toegewyde Klasmusiekonderwysers onder Rykie Pienaar se leiding gedurende 1955-1985 opgelei is. Sy was inderdaad ’n rolmodel vir baie.

Met inagneming van al die bovermelde aktiwiteite kan met reg gesê word dat sy noemenswaardige baanbrekerswerk verrig het.